

**BEVOEGHEID OM 'N BOERDERY TE KAN BESTUUR
DEUR
DR PHILIP THEUNISSEN**

BELASTINGVERLIGTING VIR KLEIN EN MEDIUM SAKE-ONDERNEMINGS

Verskeie regeringstandpunte en dienooreenkomstige wetgewing dui daarop dat die huidige regering die belangrikheid van klein en medium sake-ondernemings in die Suid-Afrikaanse ekonomie besef en moeite doen om sulke ondernemings te stimuleer. Die beste stimulasie vir sulke ondernemings is uiteraard belastingtoegewings en die huidige belastingwet is baie tegemoetkomend in dié verband.

Klein en medium sake-ondernemings lewer 'n tweeledige bydrae tot die ekonomie. Eerstens help dit om werkloosheid te bekamp en tweedens het baie sulke ondernemings die potensiaal om tot groter ondernemings te groei en om selfs nog meer werksgeleenthede te kan skep. Ongelukkig loop klein en medium sake-ondernemings ook die risiko om te faal en daarom is dit juis belangrik om sulke ondernemings, veral gedurende die vestigingstadium, tegemoet te kom en te stimuleer.

Vereistes

Nie elke kleinerige onderneming is noodwendig 'n klein of medium sake-onderneming nie. Daar is sekere vereistes waaraan so 'n onderneming moet voldoen alvorens dit vir die spesiale toegewings kan kwalifiseer.

- Die eerste vereiste is dat die aandeelhouders of lede van die onderneming almal natuurlike persone moet wees en die totale belang moet besit. Dit beteken dat maatskappye of beslote korporasies (BK's) wat byvoorbeeld trusts as eienaars het, nie aan die vereiste voldoen nie.
- Tweedens moet die aandeelhouders of lede van die onderneming nie terselfdertyd 'n aandeelhouer of lid van 'n ander beslote korporasie ook wees nie. Dit sluit egter aandele in publieke maatskappye uit. 'n Boer wat lid van slegs een BK is maar ook aandele in SANLAM of Ou Mutual en ook sy agri-besigheid (AFGRI of SENWES) het, se BK kwalifiseer steeds as 'n klein of medium sake-onderneming. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die boer slegs lid van een BK mag wees. Indien hy 'n privaat maatskappy in plaas van 'n BK het, sal die maatskappy in hierdie geval ook as klein of medium sake-onderneming kwalifiseer.
- Die bruto inkomste van die klein of medium sake-onderneming mag in die derde plek ook nie meer as R14 miljoen in die betrokke belastingjaar beloop nie .
- Die vierde vereiste is dat nie meer as 20% van die totale ontvangste van die onderneming uit beleggingsinkomste mag bestaan nie. Beleggingsinkomste sluit in rente, dividende, tantieme, huur en annuïteite.
- Laastens mag die onderneming nie 'n werkgewersmaatskappy wees nie.

Belasting

Die belastingtoewings is tweeledig van aard. Daar is eerstens spesiale belastingkoerse wat vir sulke ondernemings geld en tweedens is daar spesiale toelaes waarmee sekere bate-items verminder kan word. Die belastingkoerse op belasbare inkomste behels die volgende:

- 0% van die eerste R1 tot en met R40000;
- 10% vanaf R40001 tot en met R300000;
- 29% op die bedrag bo R300001.

'n Klein of medium sake-onderneming met 'n belasbare inkomste van R400,000 gaan in totaal dus R55,000 se inkomstebelasting betaal terwyl 'n gewone BK of maatskappy R116,000 gaan betaal. 'n Trust met dieselfde belasbare inkomste gaan R160,000 se belasting betaal terwyl 'n individu R126,000 se belasting sal betaal.

Die spesiale toelaes behels die volgende:

- Industriële geboue kan teen 5% oor 20 jaar reglynig afgeskryf word. Normaalweg mag 'n onderneming geen toelae vir sulke bates aftrek nie behalwe sekere boerderystrukture wat eenmalig as ontwikkelingsuitgawes afgetrek kan word.
- Die volle oprigtingskoste van aanleg en masjinerie kan in die eerste jaar van aankope afgetrek word.
- Masjinerie, aanleg, implemente en gebruiksartikels kan teen 50% in die eerste jaar, 30% in die tweede jaar en 20% in die derde jaar afgeskryf word. Hierdie toewing het vantevore net vir boerderye gegeld.
- Bates wat vir die vervaardiging van biobrandstof aangekoop word kan ook teen 50% in die eerste jaar, 30% in die tweede jaar en 20% in die derde jaar afgeskryf word.

'n Werkgewer moet 'n vaardigheidsontwikkelingsheffing (*Skills Development Levy* of *SDL*) ten opsigte van sy werkers se jaarlikse vergoeding betaal. Indien die totale jaarlikse bedrag egter minder as R500,000 behoort, is sulke besighede vrygestel van hierdie heffing.

Swart ekonomiese bemagtiging

Die *Broad-Based Black Economic Empowerment Act, No. 53 of 2003*, dwing sekere vereistes af waarvolgens die eienaarskap en bestuur van ondernemings toeganklik vir mense uit voorheen benadeelde gemeenskappe gemaak moet word. Die regering is tans in die finale proses om die spesifieke vereistes en voorwaardes van swart bemagtiging vas te stel. Alles dui egter daarop dat die finale plan groot toewings vir klein en medium sake-ondernemings gaan bevat. Dit wil voorkom of ondernemings met 'n omset van minder as R5 miljoen per jaar, glad nie meer aan enige bemagtigingsvereistes hoef te voldoen nie. Dit lyk ook of ondernemings met 'n omset van minder as R25 miljoen ook aan minder strawwe bemagtigingsvereistes sal moet voldoen.

Hierdie toewings, indien dit aanvaar gaan word, sal die deure vir klein en medium sake-ondernemings oopmaak om ook regeringskontrakte te kan kry. Tot dusver was sulke kontrakte gereserveer vir ondernemings wat aan sekere bemagtigingsvereistes voldoen het.

Slotsom

Die meeste boerdery-ondernemings behoort gerieflik as 'n klein of medium sake-onderneming te kan kwalifiseer. Dit mag dalk beteken dat eenmansake in BK's of privaat maatskappye omskep moet word om ten volle vir al die voordele te kan kwalifiseer. Die belastingvoordele is egter omvangryk en die regering se bedoelings met sulke ondernemings is bo verdenking. Hoe gouer 'n boerdery dus aan die vereistes van 'n klein of medium sake-onderneming kan voldoen, hoe gouer kan hy die voordele van die toegewings benut, veral die wat reeds in die maksimum belastingskale val.

BETHLEHEM

Oktober 2006